LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

12-03-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 9 VIR 2018

Die Klipkerk bied 'n besonderse geleentheid aan met spreker Johan Smith wat opbouend is vir ons kinders en ouers in ons gemeenskap.
Dr Johan Smith – bied 'n Ouer/Kindverhoudingskursus/gesprek aan op Maandag, 19 Mrt om 18:30 en Maandag, 26 Mrt om 18:30… beide aande is belangrik.

GEEN LEERDER MAG BLIKSKUD VIR 'N FONDSINSAMELING NIE. DIT WORD DEUR DIE KINDERWET VERBIED.

1 **GRAAD 1/2019:**
Ons Graad 1/2019 Opedag vind vanjaar plaas op 12 April en die aanlyn registrasies begin op 16 April 2018.

2 **FONDSINSAMELING:**
Leerders en ouers word versoek om asb. te woeker met die verkope van die VW Vivo kar-kaartjies. Onthou daar is groot pryse wat gewen kan word. Sluitingsdatum: Dinsdag, 15 Mei 2018

3 **HARTKLOP**:
Ons wil graag vir die vakansie weer vir kinders benodigdhede pak. Ons vra asb. bydraes van enige van die volgende produkte:
* Enige blikkieskos; Pasta; Rys; Tandepasta; Lyfseep; Lyfsproei (ons het 27 senior kinders).

Baie dankie dat ons op u elkeen se bydrae kan staatmaak. Ons waardeer dit opreg.

4 **LANDLOOP OEFENING:**
Landlope atlete het al begin oefen! Tye is Maandae tot Donderdae vanaf 16:00 tot 17:00 op Hoër Volkskool se bane by Tannie Elmien. Oefening is gratis, so kom en ontdek jou talent. Vir enige navrae kan ouers haar kontak by 0796637358.

5 **BLOEDSKENK**:
Ons skenk weer bloed op 24 Maart vanaf 09:30 tot 14:00 in die skoolsaal.

6 **EISTEDDFOD**:

Heidelberg Eisteddfod vind vanjaar plaas vanaf 14-26 Mei te Heidelberg Public School. Die Eisteddfod strek oor die hele Suid- en Oos-Gauteng en Mpumalanga.

Kostes beloop soos volg:

Solo - R80	Duo/Trio - R120	Klein groep - R150	Groot groep - R200

Bankbesonderhede:

Naam: Heidelberg Eisteddfod	Rek nr: 3358937240	Standardbank Heidelberg (051001)

Gelde kan direk oorbetaal word aan die Heidelberg Eisteddfod. Indien u kontant betaal, stuur asb. die regte gelde vasgeheg aan u inskrywingsvorm. Indien u EFT, MOET die bewys van betaling vasgeheg wees aan die inskrywingsvorm. Inskrywings word by die kantoor ingehandig. Graad R-3 (Juniors) se inskrywingsvorms en gedigte is beskikbaar by Juf. Lizelle Botha. Graad 4-7 (Seniors) se inskrywingsvorms is beskikbaar by Juf. Helanie Willemse. Merk asb. duidelik, aan watter items deelgeneem word en vul inligting volledig in op die inskrywingsvorm.

Afdelings waarvoor ingeskryf kan word: Spraak, Poësie, Visuele kunste, Kreatiewe skryfkuns, Vokaal, Drama, Instrumentaal, Dans en Modelwerk.

NB: Inskrywings vir die Heidelberg Eisteddfod sluit Vrydag, 13 April by Laer Volkskool. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.!

7 **NETBAL 2018:**

- Oefeningtye is soos normaal vir die week.
- Wedstryde vir 2018:

22 Maart	Tuis @ Selectionpark - 0/10 tot 1ste span
28 Maart - 4 April	1ste span toer

- MINI-NETBAL:

Mini-netbal oefening soos normaal vir die week.

ONTHOU ASB: 12 EN 22 MAART IS DAAR NIE OEFENING NIE A.G.V. TUIS WEDSTRYDE.

8 **KOOR**:

- Juniorkoor oefen elke Maandae vanaf 14:00 - 14:45. Ouers moet asb. buite die saal wag totdat die koorlede verdaag.
- Seniorkoor se kwartaal program:

14 Maart	Geen kooroefening a.g.v toetsreeks
16 Maart	Koor oefen - Vrydag vanaf 14:00 - 20:00
28 Maart	Skool sluit

- Koor oefen - Vrydag:

  Koorlede begin 14:00 oefen. Hulle kry gereeld 'n kort pouse. Vanaf 17:00 - 18:00 kry elke koorlid 'n ribburger vir aandete en koeldrank. (Ons verskaf dit uit ons koorfonds). Indien hul tussen 17:00 en 18:00 tuis wil gaan eet, is hul welkom. Laat weet asb. teen Maandag, 12 Maart vir Burger-getalle. Ouers moet net u kind asb. kom uitteken en terugteken. Koorlede kan versnaperings en genoeg water inpak. Nie melkerige of baie soetgoed nie, dit maak slym op die stembande. Let asb. dat koorlede by die oefen Vrydag MOET wees, tensy 'n geldige verskoning vroegtydig deurgegee word. Koorklere word ook dan uitgedeel en nuwe lede gemeet wat klere benodig.

9 **RUGBY**:

- Die rugby-oefening tye is normaal vir die week.
- Ons is nog dringend opsoek na 0/6 rugby-afrigters. Kontak asb. die skool.
- ***Vriendskaplike rugbywedstryde en ligadatums:***

17 Maart	Rugbydag @ Fonteine - Weg	0/8 tot 0/13
22 Maart	Rugby en Netbaldag @ Selectionpark - Tuis	0/9 tot 0/13

- Bulletjie rugby oefening vir 0/6 en 0/7, begin Woensdag, 16 Maart vanaf 17:00 - 18:00 op ons velde.

10 **SKAAK**:

- Oefening vir spelers se plek en tye is soos normaal vir die week.
- ***Datums van belang:***
  * 26 Mei - Gauteng Individuele toernooi
  * 21 April - Liga
  * 27 -28 Julie - Finale
- Belangstellende spelers is welkom om by die Heidelberg Skaakklub aan te sluit. Hulle tye is Vrydae vanaf 18:00 tot 20:00 te Hoër Volkskool. Vir verdere navrae kontak vir Sonika Coetzee - 0849525843.
- ***Klub-datums van belang: (datums is onderhewig aan veranderinge)***
  * 23 Maart; 20 April; 25 Mei; 22 Junie; 20 Julie; 24 Augustus; 28 September; 26 Oktober; 23 November

11 **SPREEKKOOR**:

Ons het reeds op Maandae begin oefen in Juf Monica se klas oefen vanaf 13:00 - 13:30. Almal moet asb. daar wees. Dogters wat netbal gaan speel en in die spreekkoor is, kan vanaf 13:30 aansluit by die span. Geen spreekkoor-kind sal benadeel word as sy nie op 'n Maandag gaan netbal oefen nie.

12 **VAKANSIE-NASKOOLSENTRUM:**

Die Naskoolsentrum sal gedurende die Maart vakansie oop wees. Vir enige navrae kontak vir Juf Baulha Booysen 0741658891.
Reëlings is as volg: Daar sal water, koeldrank, skyfies en springmielies verskaf word.
Tye: 07:00 tot 17:30 van Maandag tot Vrydag by die skool in Juf Baulha se Graad R klas
Wie: Graad RR tot Graad 4
Koste: R60 per kind per dag en betaalbaar by Juf Baulha.
Datum: 29 Maart 2018 tot 9 April 2018 - nie openbare vakansiedae nie

13 **MY SCHOOL CARD:**

Onthou asb. om die MY SCHOOL CARD te gebruik. Indien u nog nie so 'n kaart het nie, kan u of die kantoor kontak of 'n e-pos vir helenebotha@laervolkskool.co.za stuur vir 'n vorm.

14 **BLIKKIES**:

Die KUNS klas benodig asb. skoon, leë kos-blikkies. Stuur vir ons die blikkies skooltoe.

15 **ATKV**:

Baie sterkte aan die 16 leerders wat Donderdag, 15 Maart by Hoërskool Transvalia aan die eerste rondte gaan deelneem. Die leerders moet reeds 13:15 daar wees vir registrasie. Toesprake begin stiptelik 14:00 in die onderskeie lokale.

16 **GHOLFDAG**:
Laer Volkskool se Eerste Rugby- en Oop Netbal spanne wil dankie sê vir die volgende borge wat deel was van ons baie suksesvolle gholfdag. Dankie vir al die spelers wat die dag saam ons kom geniet het. Ons wil ook vir Pieter van de Venter baie dankie sê vir al die reëlings en moeite.
Borge: Alied Kitchens; BASF; Dirk Burger; Africa turbo; Eskort; Giovanni Divito; Jabula Plant Hire; Jada's Hardware; Jan Venter; Jumanji; Louis Botha; Luann van Staden; Lukas Malan; Marlyn Haulers; Nalchem; Pichanna's; Protec; Schalk Potgieter; Tax Remedies

17 **VOLKIE NUUSBULLETIN**:
Stuur asb al die buite-sport inligting aan, na helenebotha@laervolkskool.co.za vir ons kwartaal se koerantjie voor of op Vrydag, 16 Maart 2018.

18 **VERKEERSVEILIGHEID:**
Ouers word weer dringend versoek om asb. VERSIGTIG rondom ons skole te bestuur en te parkeer. Ons leerders se veiligheid is van die uiterste belang.

19 **SNOEPWINKEL**:
Ons wil net ons ouers gerus stel dat ons verskaffers van ham, worsies en russians 'n brief gestuur het, waarin hulle bewys lewer dat hul produk skoon is van Listeriose.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF